OESTERBAAI INWONERSVERENIGING

OYSTER BAY RESIDENTS' ASSOCIATION

VOORSITTERSVERSLAG/CHAIRPERSON'S REPORT

2021

Werksaamhede van die Bestuurskomitee

Activities of the Management Committee

VOORWOORD: Die verslag is 'n beknopte weergawe van die werksaamhede van die Bestuurskomitee. Die aktiwiteite van die Bestuurskomitee is veelvuldig. Alle aktiwiteite kan nie volledig in dié verslag vervat word nie. Oesterbaai het ook nie die gevolge van Covid 19 vrygespring nie. Dit is met hartseer dat ons die afsterwe van 'n paar oud-inwoners met lang verbintenisse met Oesterbaai moes aankondig. Ons bly tog van mening dat ons pogings tot dienslewering aan die Oesterbaai/Umzamowethu gemeenskap resultate lewer.	**INTRODUCTION:** This report is a concise account of the activities of the Management Committee. The activities of the Management Committee are numerous. A comprehensive report of all input is therefore not possible. The Covid 19 pandemic also resulted in hardship in Oyster Bay. It was with sorrow that we had to announce the passing on of some of our former residents, who had a long association with Oyster Bay. We remain of the opinion that our efforts to be of service to the Oyster Bay/Umzamowethu community bear effective results.
1. COVID 19 PANDEMIE Verantwoordelike komiteelid: Walter Kurten Ons het gedurende die verslag tydperk gereeld inligting oor die voorkoms van Covid 19-infeksies aan besorgde lede voorsien. Ons het nie hierdie inligting op ons WhatsApp groepe gedeel nie, omdat die syfers nooit 'n bron van kommer was nie. Ons is nie bewus van enige sterftes aan Covid 19 waar die infeksie in Oesterbaai, of Umzamowethu, plaasgevind het nie. Die Kouga Munisipaliteit se Facebook blad plaas gereeld die	**1. COVID 19 PANDEMIC** Responsible Committee Member: Walter Kurten We often provided information about the number of Covid infections to concerned members on request. This information was not shared on our WhatsApp groups, because the number of infections has never been a matter of concern. We are not aware of any deaths due to Covid 19, which was a result of an infection contracted in Oyster Bay or Umzamowethu. The Kouga Municipality's Face Book page frequently publishes Covid 19

Covid 19-statistieke van die Sara Baartman Distriksmunisipaliteit. Die groot woongebiede, o.a. Humansdorp, St. Francis, Jeffreysbaai en Hankey is gereeld as "Hotspot" areas aangedui. ("Hotspot verwys na die aantal infeksies per bevolking). Ek het ook versoeke ontvang vir die bekendmaking van die identiteit van Covid geïnfekteerdes. Ek glo u sal begrip hê dat dit wetlik uiters onverantwoordelik en strafbaar is om, sulke inligting bekend te maak. Ons het vertoë gerig vir 'n Covid inentingskliniek in Oesterbaai. Amptenare van die Departement van Gesondheid het wel by twee geleenthede die Gemeenskapsaal besoek om die geskiktheid vir 'n inentingskliniek te bepaal en aangedui dat dit aan al die vereistes daarvoor voldoen. Ongelukkig moet inwoners steeds Humansdorp toe gaan vir inentings. Dit maak dit vir die inwoners van Umzamowethu baie moeilik, vanweë die kostes en 'n dag van die werk af. Die inentingskoers is dus uiters laag.	statistics for the Sara Baartman District Municipality. The larger Towns, including Humansdorp, St Francis, Jeffreys Bay and Hankey were often identified as Hotspot areas (referring to the number of infections in relation to the population in the area). We also received requests for the identity of people infected. To comply with such requests will be punishable in terms of the law. We made representations to the authorities to have an immunisation clinic in Oyster Bay. Officials of the Department of Health visited the Community Hall at two occasions to evaluate if the hall will be adequate as an immunisation site. Both times the indicated that the Hall does comply with their requirements. Residents unfortunately have to travel to Humansdorp for their immunisation. Residents of Umzamowethu cannot afford d the travel expenses and to stay away from work for a day. The number of people immunised is as a result extremely low.
2. OMGEWINGSAKE Verantwoordelike Komiteelid: Joe Meyer Duine: Kouga Munisipaliteit het gedurende Julie en Augustus vir 'n paar weke 'n groot hoeveelheid sand aan die oostekant van die duin weggewerk. Joe het weer met die Munisipaliteit gereël vir die voorsiening van masjiene om verdere werk aan die duin te doen en die situasie gereed te kry vir die vakansiegangers. Joe sal verder tydens die Algemene Jaarvergadering terugvoer gee oor die omvang van die werk. Die werk aan die Slangrivier monding verlede jaar het vrugte afgewerp. Die monding wat teen die westelike duin geskep is, het oopgebly.	**2. ENVIRONMENTAL AFFAIRS** Responsible Committee Member: Joe Meyer Dunes: Kouga Municipality removed a large amount of sand form the Eastern side of the dune during July and August. Joe again arranged with the Municipality to supply equipment to perform further work on the dune and to prepare for the holiday people. Joe will provide verbal feedback. The work Joe performed at the Slang River mouth last year resulted in the mouth remaining open against the western dune.
3. WATERVOORSIENING. Verantwoordelike Komiteelid: Otto Pepler en Buks Degenaar. Die watervoorsiening in Oesterbaai het die afgelope jaar minder probleme opgelewer as in vorige jare. Buks het gesorg dat die enkele	**3. WATER SUPPLY** Responsible Committee Member: Otto Pepler and Buks Degenaar. We experienced much less problems with water supply in Oyster Bay the past year. Buks has seen to it that the few burst pipes received immediate

gebarste pype onmiddellik aandag geniet. Die samewerking van die munisipale amptenare in die verband is baie goed. Die amptenare doen daagliks rondtes om die situasie te monitor. Hulle verseker ons dat die pompe by die twee addisionele boorgate in werkende toestand is en afwisselend water na die reservoir pomp. Die sisteem is elektronies geoutomatiseer. Ongelukkig mag kragonderbrekings steeds probleme oplewer, omdat die meerderheid van die pompe nie bystand elektrisiteit het nie. Kouga en omgewing is steeds in 'n ernstige droogte vasgevang. Waterbeperkings geld steeds en die gebruik van tuinslange wat aan munisipale water gekoppel is, is steeds onwettig. 'n Beroep word op die inwoners en besoekers gedoen om die waterbeperkings te gehoorsaam.	attention. Co-operation of Municipal officials in this regard are good. The officials perform daily rounds to monitor the situation. They confirm that the pumps at the two additional bore holes are functional and that it pumps water alternately to the reservoir. The system is automated electronically. Power outages may unfortunately still result in disruptions of water supply, because the majority of pumps do not have electricity backup. Kouga and surrounding areas still experience serious drought. Water restrictions are still in place. Usage of hoses connected to municipal water is prohibited. We therefore again appeal to all residents and visitors to obey the water restrictions.
4. GEMEENSKAPSAAL Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk Ons het in die vorige jaarverslag gemeld dat aansoek gedoen is vir 'n nuwe ooreenkoms vir die bestuur van die saal deur die OIV. Ongelukkig moet gemeld word dat ten spyte van deurlopende navrae, ook aan Horatio Hendriks (Burgemeester), die ooreenkoms nog nie afgehandel is nie. Verdere gesprekke is nog geskeduleer, o.a. met die nuwe Speaker, Brenton Williams. Verdere inligting oor die uitkoms van die gesprekke sal by die volgende AJV gegee word. Vroeg in Oktober het 'n afvaardiging van die Munisipaliteit ons besoek met 'n afskrif van ons brief aan die Munisipale Bestuurder (waarin die hernuwing van die huurooreenkoms versoek is), in die hand. Die doel van die besoek was om 'n opname te maak van die behoeftes vir die instandhouding en verbetering van die saal. Ondernemings is gegee, o.a. vir die vervanging van geute (reeds afgehandel), aanbring van reënwatertenks, vervanging van vensterrame aan die suidekant, herbedekking van die vloer, plafon vir die kombuis, warmwatertoestel, verf van die dak ens. 'n Stukkende wasbak is ook reeds vervang. Die saal is die afgelope jaar dikwels benut, o.a. vir 'n Pilatusoefengroep wat die saal twee maal per	**4. COMMUNITY HALL** Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk We mentioned in our 2020 report that an application was submitted for a new agreement for the management of the hall by OBRA. Unfortunately we have to report that this agreement is not yet finalised, although we followed op continuously with the Mayor amongst others. Further discussions are scheduled, also with the new Speaker, Brenton Williams. We will report on the outcome at the AGM. During early October a delegation of the Municipality visited the hall to perform a survey of the needs for maintenance and improvement of the Hall. They had a copy of our letter for the renewal of the tenancy of the hall. Undertakings for the replacement of the gutters (now completed), placement of rainwater tanks, replacement of window frames on the south facing side, a new covering for the floor, ceiling for the kitchen, warm water system, painting of the roof, etc. A broken wash basin has been replaced. The hall was often utilised this year, amongst others by a Pilatus training groups twice weekly;

week gebruik het, Sandwater Primêre skool het die saal vir 'n paar weke gebruik terwyl bouwerk by die skool afgehandel is, die Verkiesingskommissie vir registrasie en verkiesing Living Waters vir hul jaareindfunksie. Die oop- en toesluit van die saal was uitdagend, aangesien slegs bestuurslede die sleutels hanteer, soos deur die Munisipaliteit en die Sekuriteitsmaatskappy verlang.	Sandwater Primary School also utilised the hall for a few weeks, whilst building works were completed at the school; the IEC for the registration of voters and the elections; Living Waters for their yearend function. The locking of the hall was thus challenging, because keys are only handled by members of the Management Committee as required by the Municipality and the Security Company.
5. AFVALSTORTINGSTERREIN Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk en Walter Kurten Die bestuur en instandhouding van die afvalstortingsterrein bly problematies. Reaksie het gevolg nadat ons weer 'n amptelike klagte by die verantwoordelike munisipale amptenaar hieroor ingedien het. Die waghuis is herbou en die netheid het verbeter. Ongelukkig ervaar ons dat sekere inwoners boumateriaal afval na-ure daar stort. Ons moedig die toesighouer aan om hierdie persone by die Munisipale Polisie aan te kla. Tans word die terrein weer na-ure gesluit. Ons versoek weereens dat u tydens vertrek u vullissakke nie op die sypaadjie sal laat nie. Dit word oopgeskeur deur honde, ape ens. Neem u sake asb. na die stortingsterrein en indien dit gesluit is, plaas dit in een van die blou vullisdromme wat deur die Bestuurskomitee op verskeie plekke in die dorp aangebring is.	**5. REFUSE DUMPING SITE** Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk and Walter Kurten Management and maintenance of the dumping site remains problematic. After submission of a complaint to the responsible Municipal Manager, the site was tidied up The watch house was rebuilt and the neatness improved. Unfortunately some residents drop building rubbish there after hours. We encourage the Supervisor to report these residents to the Municipal Police. The site is now again locked after hours. We again appeal to you not to leave trash bags on pavements when leaving. Dogs, monkeys etc. scatter the contents. Please take your bags to the Rubbish Site. If it is closed, please dump it in any of the blue trach drums which the Management Committee has erected at various spots in Town.
6. PAAIE Verantwoordelike Komiteelid: Joe Meyer, Buks Degenaar en Walter Kurten Buks het hierdie jaar gesorg dat die interne paaie herstel word nadat dit erg verspoel het na goeie reën gedurende Julie. Dit het verskeie oproepe geneem om gruis van die munisipaliteit te bekom. Munisipale werkers het geweier om die gruis met grawe plat te werk. Buks het plaaslike werkers gekry om dit te doen. Walter het verskeie kere met die verantwoordelike Provinsiale amptenaar geskakel om die paaie na	**6. ROADS** Responsible Committee Member: Joe Meyer, Buks Degenaar and Walter Kurten. Buks took the responsibility to repair the roads after severe flood damage this year. He had to keep on calling the Municipality to get the gravel delivered. Workers from the Municipality refused to flatten the gravel with shovels. Buks utilised local workers to do the work. Walter liaised on various occasions with the Provincial official responsible to repair the roads to

Humansdorp en St. Francis herstel te kry. Die tydelike "bruggie" net voor die St. Francis afdraai was uiters gevaarlik. Alhoewel dit steeds 'n tydelike struktuur is, is dit behoorlik herstel. Nuwe gruislae is ook op plekke waar die paaie sleg verspoel het gegooi en gekompakteer. Na verskeie versoeke is die slaggate op die teerpad in Oesterbaai ook gevul. Joe het vandat hy in die derde week van November in Oesterbaai arriveer het, verdere herstelwerk aan die interne paaie gedoen. Keerwalle en dreineringslote wat hy vroeër aangebring het, het grootliks voorkom dat die paaie deur die swaar reën beskadig is. Ons het ook by meer as een geleentheid vertoë gerig vir die skraap van die paaie in Umzamowethu. Die reaksie was hierdie jaar baie beter as vorige jare.	Humansdorp and St Francis. The temporary bridge before the St Francis turn off was in a dangerous state. Although still a temporary structure, it was prepared properly. The roads were covered and compacted at the dangerous spots with additional gravel. After repeated requests. The potholes in Oyster Bay were also filled. Joe performed further repairs to the roads in Oyster Bay after his arrival the third week of November. Previous break waters and drainage trenches made by him, prevented damage to the majority of roads by the heavy rain. We further made several representations for the grading of the roads to and in Umzamowethu. Reaction was much better this year than previous years.
7. KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE Verantwoordelike Komiteelede: Walter Kurten en Joe Meyer. Ons het voortgegaan om die WhatsApp groepe funksioneel, tot voordeel van lede, aan te wend. Die inhoud word sover moontlik beperk tot sake van belang vir lede. Die kleiner "Oesterbaaiers" groep word gebruik vir persoonlike versoeke, soos versoeke vir hulp met die vervoer van goedere en medisyne uit die dorpe, beurtkrag en ander elektrisiteitsprobleme, waterprobleme, ens. Joe het aangebied om ons jaarlikse Desember Nuusbrief, Oesterbaai Nuus, hierdie jaar saam te stel. Elmarie Meyer van Oesterbaai Eiendomme het weer aangebied om die Nuusbrief te borg. Ons bedank beide van hulle.	**7. COMMUNICATION AND NEWS LETTERS** Responsible Committee members: Walter Kurten and Joe Meyer. We continued to use the WhatsApp groups to keep members functionally informed. Contends are limited to matters of importance as far as possible. The smaller "Oesterbaaiers" group are utilised for personal requests, for example requests for assistance with transporting of goods and medicine, load shedding and other electricity problems, water problems, etc. Joe offered to compose our annual Newsletter, Oyster Bay News, this year. Elmarie Meyer owner of Oesterbaai Eiendomme, again sponsored the Newsletter. Our sincere thanks to both.
8. BRANDWEER Verantwoordelike Komiteelid: Riekie Pienaar Die bou van die brandweerdepot is weer met die Burgemeester en Munisipale amptenare opgeneem. Ons is meegedeel dat dit steeds nie van die prioriteitslys verwyder is nie en in hierdie termyn van die Munisipale Raad sal geskied.	**8. FIRE BRIGADE** Responsible Committee member: Riekie Pienaar The building of the fire depot was again addressed with the Mayor and municipal officials. We were informed that it was not removed from the priority list and will receive attention during this term of the Municipal Council.
9. UMZAMOWETHU Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk	**9. UNZAMOWETHU** Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk

Ons is uiters dankbaar dat die getal Covid infeksies tot enkeles beperk gebly het. Die hou van sosiale afstand bly 'n reuse uitdaging as gevolg van die haglike behuisingsituasie in Umzamowethu. Die skool is ook enkele kere gesluit vir sanitering, nadat enkele Covid infeksies voorgekom het. Die handvaardigheidsprojekte (OBZAMU) kon ook nog nie hervat word nie. Dit word wel vir 2022 beplan, afhangende van die Covid-pandemie. Die swak sosio-ekonomiese situasie, die gepaardgaande drank- en dwelmmisbruik en die toenemende werkloosheid, veral onder jongmense, bly die grootste uitdaging.	We are grateful to report that the number of Covid infections was limited. Social distancing remains A huge challenge due to the critical housing situation in Umzamowethu. The school was closed for limited times for sanitising when Covid infections occurred. The hand craft projects (OBZAMU) could not be resumed. It is planned though for 2022, depending on the Covid situation. The bad socio economic situation, the associated alcohol and drug misuse and the increasing number of unemployed, especially the young, remains the most serious challenge.
10. VUURWERKE Die gebruik van vuurwerke is onwettig. Ons doen 'n ernstige beroep op almal om geen vuurwerke of papierlanterns te gebruik nie. Die brandgevaar is enorm groot.	**10. FIRE WORKS** The use of fireworks is illegitimate. We appeal to all to refrain from the firing of fireworks or use of paper lanterns. The fire hazard is extreme.
11. HONDE OP DIE STRAND Kom ons ag mekaar in goeie Oesterbaaigees deur nie ons liewe honde sonder leibande op die strand en in die dorp te laat stap nie.	**11. DOGS ON THE BEACH** We appeal to all to co-operate in good Oyster Bay spirit. Please do not allow dogs on the beach and in the streets in Town if not on a leash.
12. LEWENSREDDERS Verantwoordelike Komiteelid: Walter Kurten Die lewensredders word deur die Munisipaliteit voorsien en bestuur.	**12. LIFE GUARDS** Responsible Committee Member: Walter Kurten The Municipality provide and manage the life guards.
13. KERSMARK Verantwoordelike Komiteelede: Riekie Pienaar. Die laat opheffing van die Covid 19-inperkings en die onsekerheid oor 'n verdere vlaag het die reël van 'n Kersmark hierdie jaar in die wiele gery.	**13. CHRISTMAS MARKET** Responsible Committee members: Riekie Pienaar. The late termination of the Covid 19 restrictions and uncertainty about a further wave of Covid 19 prevented the organising of a Christmas market this year.
14. KERSDIENS Die Bestuurskomitee het wel hierdie jaar 'n predikant vir 'n Kersdiens gereël. Ons hoop werklik dat die huidige Covid 19 plaag ons sal toelaat om daarmee voort te gaan.	**14. CHRISTMAS SERVICE** The Management Committee arranged a minister of religion to conduct a Christmas Service this year. We trust that the current Covid 19 wave will allow it.

15. FINANSIES Verantwoordelike Komiteelid: Martiens Kuneke. Ons bedank die Tesourier vir sy nougesette bestuur van ons finansies. Die aangehegte finansiële state sal deur Martiens bespreek word. Die Bestuurskomitee probeer alle werk op die mees ekonomiese wyse uit te voer. Die OIV is totaal afhanklik van skenkings om sy belangrike werksaamhede te volvoer. Die ledegeld alleen dek maar 'n baie klein deel van die uitgawes. Ons is daarom baie dankbaar vir die skenkings wat ontvang word. Dit is ongelukkig baie beperk en ons moet vriendelik, maar ernstig, vertoë rig dat ons lede moet hulp verleen sodat ons met werksaamhede te kan voortgaan. Die OIV se voortbestaan bly nou meer as ooit afhanklik van donasies deur ons lede.	**15. FINANCE** Responsible Committee member: Martiens Kuneke We thank our Treasurer for his devoted management of our finances. Attached find the financial statements. Martiens will explain. The Management Committee endeavour at all times to perform duties as economically possible. The OBRA is totally dependent on donations to perform this most important work. The membership fees cover a small portion of the expenses. We are thus very thankful for all donations. The Donations are unfortunately also limited. We there-fore extend a serious request to members for donations to enable us to continue with our responsibilities. The OBRA is more than ever dependent on donations from our members for its survival.
16. LIDMAATSKAP Opbetaalde ledetal: 194 (86 huishoudings) Nogmaals word 'n beroep gedoen op alle eienaars/ inwoners/enige persoon wat ons pragtige Dorp se belange op die hart dra om as lede van die Vereniging te registreer. Elke lid van 'n gesin kan afsonderlik registreer. Ledegeld van R50-00/persoon vir 2021 is reeds vanaf 1 November 2021 betaalbaar. U word aangemoedig om die gelde direk in ons rekening in te betaal met u naam en Erfnr. as verwysing. Bankbesonderhede: ABSA Bank Tak: 632005 Rek. Nr. 4052178885 Bewys van deposito aan: martiens@lantic.net Kontantbetalings: by Martiens, Grunterstraat 213, of by Adriaan en Walter Palingstraat 214.	**16. MEMBERSHIP** Total members in good standing: 181 (71 households) We appeal again to all residents/property owners and any person who identify with this beautiful Town to register as members of the Association. Each member of a household may register separately. Membership fees of R50-00/person for 2021 is payable as from 1 November 2020. We encourage all to transfer fees to our account. Your Name and Plot No. as reference. Banking details: ABSA Bank Branch: 632005 Acc. No. 4052178885 Proof of Payment to: martiens@lantic.net Cash payments at Martiens, Grunter Street 213 or Adriaan and Walter, Paling Street 214.

17. VERFRAAIING VAN DIE DORP Die Munisipaliteit het 'n groot agterstand met die instandhouding van sypaadjies.. Tog het hulle wel op ons versoek die gras kom sny en het eers die afgelope week by die ontbossing van sypaadjies uitgekom. Ons was wel in deurlopende gesprek met die amptenary hieroor.	**17. BEAUTIFYING OF THE TOWN** The Municipality caused a large backlog with the maintenance of the pavements. Grass on the pavements was cut on request. They only started to remove bushes this week. We were in constant contact with the officials about the matter.
18. BIBLIOTEEK Hylien de Jonge en Anita Swanepoel maak werklik groot erns van hul werk om die Biblioteek van die OIV te bestuur. Die getal persone wat die biblioteek gebruik het goed gegroei. Baie skenkings van boeke is ontvang. Die oortollige boeke word by verdienstelike instansies, soos tehuise vir bejaardes, die Hospice en Helpende Hand afgelewer.	**18 LIBRARY** Hylien de Jonge and Anita Swanepoel approach the Management of the OBRA Library seriously. The number of people utilising the library has grown substantially. Many people donated books. They deliver surplus books to organisations in need of books, amongst others to old age homes, The Hospice and Helpende Hand.

Die Bestuurkomitee wens elkeen 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2022 toe.

Ons vertrou dat ons in die komende jaar op u ondersteuning kan staatmaak in die komende jaar. Ons probeer werklik om die beste diens aan die gemeenskap te lewer.

The Management Committee wishes all a Merry Christmas and Prosperous 2022.

We trust that we may rely on your support in the New Year. We employ our best efforts to serve the Oyster Bay and Umzamowethu community.

Hierdie verslag en alle notules van vergaderings is beskikbaar by https://oesterbaai.info

This report and minutes of all meetings are posted at https://oesterbaai.info

Walter.

Walter Kurten

Voorsitter/Chairperson